Skaapproduksie vir maksimum wins – die feite

A J Fourie

Om kommersieël volhoubaar te kan boer, is die vraag of kwelling van die landbouprodusent: moet hy met minimum insetkostes produseer of gaan vir maksimum/optimale produksie? Wie boet wat in oor die medium termyn?

Dit wil voorkom asof beide metodes suksesvol kan wees, mits die produsent die gevare van sy keuse aanspreek en doeltreffend bestuur. Dit is ook belangrik om uit te lig dat die winsgewendheid van beide keuses niks te doen het met skuldlas nie. Baie produsente se produksiepraktyke en opbrengste is goed, maar die skuldlas is te hoog. Die redes hiervoor kan geweldig uiteenlopend wees en word nie hier bespreek nie. Dit bly egter soos 'n paal bo water staan dat skuld oordeelkundig aangegaan moet word en so gou as moontlik afbetaal of gekonsolideer moet word om boerdery in die huidige ekonomiese klimaat 'n oorlewingskans te gee.

Verandering van tye

Boerdery toon 'n sikliese patroon t.o.v. klimaat, produkpryse en winsgewendheid. In die swakker jare geld ander faktore as in die beter jare. Die belangrikheid hiervan is die tydsberekening wanneer die produsent sekere aksies moet neem. Verkeerde besluite het 'n baie groot invloed op die produsent se ekonomiese vooruitgang.

Die volgende kan dien as leiding vir besluite en aksies

Goeie Tye	**Swak Tye**
Investeer	Kontantvloei
Beplanning	Kontrole
Organisering	Werksverrigting
Kwaliteit	Kwantiteit
Spoed	Noukeurigheid
Werwing/oplei	Motivering
Innoveer	Improviseer

Die slagspreuk: "Waag in 'n swak prysmark en moet nie waag in 'n goeie prysmark nie" spreek boekdele.

In die huidige ekonomiese klimaat staan elke skaapprodusent voor die deur om sy kudde se winsgewendheid in die gesig te staar. Die besluit is om vas te stel wat die potensiaal van sy skape is en tot watter mate gaan hy dit ontsluit. Indien die potensiaal nie na wense is nie, sal drastiese stappe geneem moet word. Teen hierdie agtergrond word die vraag gevra, hoe moet ek my kudde bestuur? Die belangrikste aspekte word kortliks uitgelig

Reproduksie

Ja, 'n ou afgesaagde onderwerp, maar die kille waarheid is dat geen ooi of jong ooi 'n tweede kans moet kry nie. Die bestuurspraktyke (seleksie, voeding en kudde gesondheid) moet van so 'n aard wees dat dit nie as rede aangevoer kan word vir swak reproduksie nie.

Jong ooie moet by paartyd 80 % weeg van die volwasse ooi se gewig. Selekteer vir meerlinge groot gemaak en maak die paarseisoen so kort as moontlik, want dit pas alreeds seleksie toe vir vrugbaarheid. Maak gebruik van skandering, "wet & dry" en 'n identifikasiestelsel om hierdie doel te bereik. Sorg dat ramme fiks is met lewendige saad. Onthou ooie is vrugbaarder met afnemende dagliglengte, en laat lam indien moontlik met die aanvang van die groeiseisoen sodat lammers op goeie kos gespeen word. Sorg dat ooie volgens ouderdomsgroepe geïdentifiseer is, want ouer ooie (6 jaar en ouer) is geneig om swakker speenpersentasies te lewer. Deur net van die ouer ooigroepe vroeër uit te skot, kan die reproduksie van die kudde verhoog word.

Voeding by hierdie fases, ongeag hoe goed die veld/weiding is, is nie onderhandelbaar nie.

Lamvrektes

Die ooi moet 'n regverdige kans kry om haar lam groot te maak - dit beteken nie oppiep nie. Dit is belangrik om te weet dat ooie met kort wol lammers beter grootmaak. Ooie kan ook nie baie goed tel nie, gevolglik as die lamtroppe te groot is, verloor ooie hul lammers. Beskutte kampe is noodsaaklik want ooie het 'n *Dumpy Level* in hul oë en kan tot 'n meter onderskei waar die hoogste punt in 'n kamp is en sal daar gaan staan. Seker die belangrikste aspek is om te sorg dat die ooi voldoende, hoë kwaliteit en maklik suipbare bies moet produseer vir die lam. Alhoewel weidings en goeie veld hoog in proteïen is, is die samestelling van hierdie proteïen nie bevorderlik vir biesproduksie nie. Dit is eerder die tipe proteïen wat groei bevorder.

Lamgroei en bemarking

Die lammers moet eerstens gesond gehou word en kruipvoeding moet reeds so vroeg as twee weke na die begin van lamseisoen uitgesit word. Hierna behoort die lam ook betyds gespeen word, veral indien weidingkwaliteit afneem voordat bemarkingsgewig bereik word. Vroeggespeende lammers op hoë kwaliteit weiding presteer altyd beter. Onthou 'n ooi se piek melkproduksie geskied op ongeveer dag 20 en bly hoog vir 'n verdere twee tot drie weke en neem dan af. Dit is dus beter om die lam direk te voer as deur sy ma wie se melkproduksie drasties verminder na ses weke. Speen dus die lammers vroeg.

Voer die lam ekstra op die weidings of goeie veld en bemark die lammers betyds. Spandeer dus geld in die groeitydperk direk aan die lam in plaas van om dieselfde geld te spandeer aan oorwintering of oorsomering net om diere te onderhou. Hierdie strategie sorg ook dat lammers kos ken en maklik in 'n voerkraal aanpas indien weidingtoestande só verswak dat lammers van die weiding afgehaal moet word. Die doelwit moet wees om maksimum gewig so gou as moontlik te bemark.

Lammers wat vroeg op goeie veld/weidings gespeen word, presteer altyd beter.

Wolproduksie

Probeer skeertye aanpas by paar- en lamtye, sonder om te veel in te boet op prys a.g.v. wollengte. Goeie voeding en gesondheid van die ooi sorg vir beter wolproduksie met 'n goeie treksterkte en lengte. Die ander eienskappe van wol soos bv. kwaliteit en veseldikte is 'n langtermyn projek, gekoppel aan teeldoelwitte.

Voeding en kuddegesondheid

Ons het net drie kanse per jaar om meer geld uit die skape te maak met strategiese voeding en kuddegesondheid

Paartyd

Ramme moet goeie kwaliteit semen produseer. Prikkelvoeding 14 dae voor paartyd tot 10 dae nadat ramme uitgehaal is, verseker dat ooie meer eierselle afskei wat bevrug word en aan die baarmoederwand vasheg. Dit geld veral vir ooie met 'n tweelinggeskiedenis. Spoormineraal en vitamien aanvullings speel 'n belangrike rol. Sorg dat ooie en ramme vry is van interne en eksterne parasiete. Gee ooie die nodige inentings.

Lamtyd

Goeie voeding 4 weke voor lam tot speentyd bepaal die ooi se bies- en melkproduksie, die lam se oorlewingskans asook die verbintenis tussen die twee. Dit ooi se kondisie bepaal haar melkproduksie, die lam se groeivermoë en speenouderdom. Die konsep van goeie deurvloeiproteïen is nie 'n wolhaarstorie nie. Spoormineraal en vitamien aanvullings speel 'n belangrike rol. Sorg dat ooie en ramme vry is van interne en eksterne parasiete. Gee ooie die nodige inentings.

Bemarkingsgewig

Nadat al die embrios aangeheg het en al die lammers oorleef het, is daar nog net een kans om geld te maak uit die kudde. Die doelwit is om maksimum gewig vleis so gou as moontlik te bemark en ook gesonde wol met goeie eienskappe. Kruipvoeding kan sorg dat lammers gouer 'n swaarder speenmassa bereik. Na speen kan die regte lekaanvullings lammers optimaal laat groei op die veld of weidings. Indien veld en weidings tekort kom om die lammers af te rond, is die lam reeds aangepas vir voerkraalafronding. Doseer en ent lammers volgens u area se behoeftes.

Die suksesresep is dat die lam altyd voorberei moet wees op die volgende fase. Die lam weet nie wat kom nie, maar die boer wel.

Wat doen suksesvolle, winsgewende skaapprodusente?

Meer as een lamseisoen bv. in die lente en herfs (nie noodwendig drie lamseisoene in twee jaar nie). Kort teelperiode. Geen ooi, oud of jonk, kry 'n tweede kans nie. Uitgroei van jong ooie. Skandeer en *Wet and Dry* ooie. 5 tot 6 ooi ouderdomsgroepe. Lamstelsel. Vroegspeen van lammers, meestal op gewig. Korter skeer periode (bv. elke agt of ses maande). Bemark lammers self. Optimale drakrag. Mate van terminale kruising. Uitstekende gesondheidsprogram. Uitstekende strategiese voedingsprogram (paartyd, lamtyd, kruip en afrond).

Ten slotte: Al die aspekte bespreek is van toepassing, ongeag watter vlak van insetkoste en intensivering u wil toepas. By veeproduksie is daar baie bestuursaspekte waaroor die produsent beheer het en wat 'n groot invloed op winsgewendheid het. Maak seker u bestuursvermoë en vee is aangepas by die produksiestelsel wat u wil toepas. Sorg altyd dat produksiestelsels en veegetalle in harmonie is met die beskikbare hulpbronne, maar stelselmatige intensivering is ook broodnodig om te oorleef in die huidige ekonomiese klimaat.

Dit blyk egter dat volhoubare boerdery redelik afhanklik is van bo-gemiddelde produksie eerder as insetkoste beheer. Die meeste produsente kry laasgenoemde reg, maar baie kom kort aan die produksiekant.

Andre Fourie, Voermol Voere, 0824970619, ankeragri@gmail.com